Pretoria- 4 September 2011

Skriflesing: Openbaring 16.
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 4**
Teks**: Openbaring 16:17**
Sing- Ps.9:1,12; Ps 32:1; Ps 33:1,3
'n Jaloerse God en 'n wreker is die Here, 'n wreker is die Here en vol grimmigheid; 'n wreker is die Here vir sy teëstanders, en Hy behou die toorn teen sy vyande….Broeder en suster, in Nahum 1 staan hierdie ontsettende woorde. Ons kom vandag ook om die ontsettende van ons sonde en ellende in Sondag 4 saam te vat. Ons wat haat, wat niks goed kan doen nie, geneig tot alle kwaad, staan hiermee voor 'n onhoudbare situasie. So kan dit darem nie aangaan nie. Ons belydenis is hard om die laaste bedenkinge wat daar nog teen God mag wees, uit te vee. Baie mense voel en die belydenis verwoord ook hulle gevoel met die vraag of God darem nie iets met ons sonde te doen moet hê nie. As God se skuld nie by sy skepping lê nie, hoe Hy ons gemaak het nie. Dan lê dit seker by die hantering van sy skepping. Doen God die dinge reg, soos wat Hy die skepping goed gemaak het. Watter agterdog skuil daar net nie in die vraag as gevra word**- Doen God die mens dan nie onreg aan as Hy in sy Wet van Hom eis wat hy tog nie kan doen nie?**

Van die skepping gaan ons nou oor tot die reg. Die reg van God. Dis die finale grashalmpie wat vasgegryp word, net soos wat Adam en Eva ook maar aan hierdie regsaak wou vasgryp. Eva sê die slang het nie met haar reggemaak nie, Adam sê weer, en dit klink nogal verwytend – D*ie vrou wat U my gegee het* …..Die vrou het nie met my reggemaak nie.
Hoor u hoe ons elke keer die reg aan ons kant soek om dan die onreg by niemand anders as God te lê nie. Laat ons die bedenking dan maar reguit opper – GOD IS ONREGVERDIG! Hy maak nie reg nie!

***

Dink selfs aan die vader van ons as gelowiges, Abraham, hy het dieselfde gedoen. Hy lieg vir koning Abimeleg dat Sarai nie sy vrou is nie, maar sy suster. 'n Halwe waarheid is 'n volle leun. Uit Genesis 20 moet ons dan vrae is God nie onregverdig om vir Abimeleg so hard aan te spreek en die verskriklike waarskuwing. Dis tog Abraham wat gelieg het. Abraham word selfs beloon vir sy halwe waarheid.

En dan ook Jakob. In sy lewe voel dit of ons elke keer op hierdie regsvraag wil stuit. In sy verhouding tot sy broer, Esau, in sy verhouding tot sy eie pa, Isak, en ook tot sy skoonpa Laban. Jakob eien homself Esau se eersgeboortereg toe op 'n manier wat 'n mens laat wonder. Daarna wonder 'n mens nie meer nie, hy is blatant onregverdig teenoor sy broer as

hy vir sy blinde pa lieg dat hy Esau is. En daar tussen die vee van Laban gaan dit met Jakob goed en met sy skoonpa sleg as Jakob self met die dek program volgens die sterk of swak vee en weer volgens die gestreepte vee en gestippelde vee knoei. Dit lyk of daar voorspoed lê in Jakob se onregverdige handelswyse. Waar pas dit dan nou in dat die Here sê – *Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat* ….Wie was die meeste onregverdig volgens ons oordeel?

Dan kom ons by die tragiese koning Saul. Een fout aan sy kant en dis verby. Hy begin sommer te offer voordat Samuel opdaag en daarmee is hy die koningskap kwyt. Dawid daarenteen begaan oortreding na oortreding, skande op skande met Batseba, en op die skande weer moord. Dawid verloor nie sy koningskap nie. Hoe meet ons nou die oortreding van Saul teen dit alles wat Dawid nie verkeerd doen nie. Dit gaan nog verder. Dawid is die een wat ongehoorsaam die volk tel. Daarna word daar duisende van die geteldes deur die Here gedood. Hoekom is hulle nou daaroor gedood. Dawid het hulle tog getel. Kom u agter ons regsdenke is besig om hom vas te loop as dit kom by die reg van God.

By die volk Israel dieselfde. Is dit reg om die heidense en meer sondige Assiriërs te gebruik om vir Israel oor hulle sonde te straf. Om daarna dan weer die Assiriërs te straf juis oor dit wat hulle Israel aangedoen het. Raak u saam met my bang, as ons die regsake so opstapel. Dit kom as ‘n aanvegting van ons geloof. Laat ons die Here dank dat ons die belydenis van sy Woord het om nou te kan bely – DIE HERE IS REGVERDIG. Mag dit as troos na ons toe kom juis, omdat ons by die verskriklike regsake, hierdie troosboek die Kategismus in ons hande mag hou.

***

U hoor nou ‘n verskriklike saak. ‘n Verskriklike saak, want God word kwaad. By vraag 9 het ons nog gewonder of ons sonde die straf van God werd is. Het die Here reg aan sy kant om te straf. Weereens die herinnering – kan ons ooit genoeg daarvan kry – hoe die Here die mens gemaak het. Die mens so geskep dat hy dit kon doen. Alle sg. onreg van God se kant is klaar afgesny. God is reg. Die uitbreiding van ons belydenis werk dan net verswarend. Dit wat ons verlede keer bely het dat ons voorgeslag en nageslag by God in Adam deur die verbond een geslag is. As gevolg van die aanhitsing van die duiwel….. is nog ‘n verdere bittere pil. Ons het juis vir die duiwel teen God gekies. Die duiwel stel homself nie teen God op as hy met Eva praat nie. Néé, ons het God en Satan teen mekaar gestel, en toe het ons God verwerp en vir die duiwel gekies. Ons was moedswillig aan die duiwel gehoorsaam, om ons deur

moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes te beroof. Dit is hoe die Kategismus dit stel. Die gawe om deur God se wet die reg aan ons kant te hê. Nou het ons geen reg nie.

Ons het met God te doen wat kwaad is. Nou is dit die eerste keer in die Kategismus dat ons met die toorn van God te doen kry. Hierdie is die woede van onse God wat juis in sy liefde gekrenk is. Liefde, waarin Hy ons so opreg liefhet. Gekrenkte liefde maak by 'n mens sondige woede wakker. By God veroorsaak gekrenkte liefde 'n regverdige toorn. En geliefdes, u moet nie die toorn van God gering ag nie. Dis inderdaad verskriklik soos ons bely. **Verskriklik oor die erfsonde as oor die sonde wat onsself doen**……God kan dit straf en God wil dit straf. Hy wil dit tydelik en ewig met 'n regverdige oordeel straf.

Soos Moses dit ook uitgeroep het in Psalm 90…..*ons vergaan deur u toorn, en deur u grimmigheid word ons verskrik.* U sien dus hoe inniger die liefdesband hoe skerper is die toorn wanneer liefde gekrenk word. Amos 9 openbaar aan ons hoe die toorn van God ons uit die doderyk uithaal….. deur sy toorn sal Hy hulle van die hemel na die aarde laat neerdaal. Hulle kan nie wegkruip nie. Al is hulle op die top van die berg Karmel, Hy sal hulle opspoor en weghaal (Amos 9:3) ...*en al verberg hulle hul voor my oë op die bodem van die see, Ek sal van daar die slang ontbied om hulle te byt….Ek sal die swaard ontbied om dood te maak; Ek sal my oog op hulle rig ten kwade en nie ten goede nie.* Psalm 7:12 bring die lyne bymekaar – *God is 'n regverdige regter en 'n God wat elke dag toornig is,* om dan net weer in Psalm 77:10 te vra – *Het God vergeet om genadig te wees? Of het Hy in toorn sy barmhartighede toegesluit?*

***

Broeder en suster, 'n aardse regter is daar om reg te handhaaf. Stel uself voor u enigste kind is vermoor. Die regter kom dan en spreek uit jammerte die misdadiger vry nadat in die hof aangetoon is hoe die moordenaar by sy volle verstand en voorbedagte rade en op wrede wyse die moord gepleeg het. Ek kan u verseker u sal die laaste sent in 'n appélsaak stort, sodat reg kan geskied. Die aardse regter moet straf na die maat van die oortreding. Hoeveel te meer geld dit nie van God nie, die Regverdige, die hoogste Regter. God sou moes ophou om God te wees as Hy die sonde nie na die maat daarvan straf nie. In die sin is God se toorn 'n stukkie paradys, want God bly God.

U kan seker wees Hy straf die sonde baie swaar met tydelike en ewige straf. Hy straf baie regverdig, want alle sonde is skending van God se geregtigheid en heiligheid. Een van God se

Name waarmee Hy Hom aan Jesaja openbaar is as die Regverdige (Jes.24:16). Jesaja is by uitstek dan ook die profeet wat God as die *Heilige van Israel* aandui. In die hele Ou Testament is heiligheid baie nou verband met geregtigheid. Sy heiligheid maak juis dat God Hom in ongenaakbaarheid oor die sonde vertoorn. Sy toorn en straf is 'n regverdige oordeel. Dit werk tydelik en ewig m.a.w. God se straf is seker. Hy verander nooit die vonnis wat Hy eenmaal uitgespreek het nie. By die parade net voor die intog in die land Kanaän laat die Here dit nog duidelik hoor-*Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie*….Daardie vloek het nie verander nie.

***

'n Mens kan selfs die inhoud van toorn van God teen jou opgaar soos wat skale 'n inhoud weergee. Die tydelike strawwe is volgens Openbaring 14 die eerste vlammende druppels wat uit die goue skale op die aarde val. So word die toorn as 'n skat vergader wat bietjie vir bietjie uitgegiet word. Dis die tydelike strawwe waarvan ons gepraat het. Dis nadat die basuine van hoofstuk 8-11 geblaas het om te waarsku. Daar is 'n noue verband tussen die basuine en die skale van hoofstuk 16. So loop die eerste ses skale parallel met die eerste ses basuine. Soos die basuine waarsku en die mense volhard in hulle verhardheid en onbekeerlike harte so word terselfdertyd die skale van God se toorn uitgegiet. U kom agter deur hierdie skale hoe is God besig om tydelik te straf in hierdie bedeling van nou tot die dag van die sewende basuin. Dan sal die sewende skaal uitgegiet word met 'n -*Dit is verby!*-
Vers 17. Dan is dit die ewige straf wat ons ook alreeds kan bely.

Dit alles het begin omdat God regverdig is. In hoofstuk 15 wat die inleiding is op hoofstuk 16 wat ons gelees het staan in vers 2- *Ek het gesien iets soos 'n see van glas, gemeng met vuur.* Die see van glas is niks anders as simbool van God se regverdigheid nie. So groot soos die see, kristalhelder soos glas, so is die Here se regverdigheid. Daarmee begin die skale, omdat God se oordele by sy regverdigheid begin. Dit gaan oor die onmiskenbare geregtigheid van God wat in die oordele oor die goddelose geopenbaar word. Vers 4 van hoofstuk 15 wys waaroor dit in die begin om God se regverdigheid gaan….daar staan – *omdat u regverdige dade openbaar geword het.* So werk ons belydenis ook as ons begin by God wat regverdig is. Om daarna eers by die Here se toorn uit te kom wat tydelik en ewig met 'n regverdige oordeel straf.

***

Nou soek ons versagting in ons belydenis. Dis soos in 'n hofsaak- daar word nou 'n beroep gedoen op versagting. Dit gaan nie meer of ons skuldig of onskuldig is, of God regverdig of

onregverdig is nie. Ons is skuldig, God is regverdig. MAAR hoor nou die soeke na versagting as daar gevra word- **Is God dan nie ook barmhartig nie?** Dan is dit of ons belydenis die antwoord vir later bêre. Wag nou eers ‘n bietjie. Die oorgang na die verlossing van die mens in Sondag 5 word gebêre om net weer die geregtigheid van God saam te vat.

***

By vraag 9 en 10 het ons gehoor God kan straf en God wil straf, nou sien ons God moet straf…..Sy geregtigheid eis dat die sonde wat teen die allerhoogste majesteit van God gedoen is, ook met die swaarste straf gestraf moet word. En dan eindig ons belydenis in die hel….dit is die ewige straf aan liggaam en siel. ‘n Vraag wat by barmhartigheid begin eindig in die hel. So word die lyn ook maar net deurgetrek van hoe God ons gemaak het….BAIE GOED! Waar sal ons uit onsself eindig ….IN DIE HEL.

***

Oor die hel praat ons nie graag nie, maar kan ons daaroor stilbly? Aan die suidekant van Jerusalem is daar ‘n diep bergkloof genaamd die dal van die seuns van Hinnom. Daar het Asaf en Manasse die afskuwelike Mologdiens begin, waar lewendige kindertjies geoffer is. So is die dal op grusame wyse ontheilig, en dien dit vir die Ou Testament as beskrywing vir die hel. Koning Josia het later alles in die dal verbrand, en van daardie tyd af het dit ‘n onreine plek gebly, die ashoop van Jerusalem, waar die afval van die stad, die liggame van dooie diere en die onbegrawe lyke van misdadigers weggegooi is. Selfs na die ballingskap toe Jerusalem herbou is, is die dal van Hinnom woes gelaat. So was die plek in die Ou Testament al die tydelike openbaring van die ewige straf plek van goddelose mense.

Jesaja 30:27-30 laat God in daardie dal optree. God is Self daar die orkesleier van die dodemars. Soos Jesaja se profesie afsluit kan ‘n mens nie anders as om aan hierdie dal Hinnom, die hel te dink nie. Jesaja 66:24 – *En hulle sal uitgaan en die lyke sien van die mense wat teen My opgestaan het, want hulle wurm sal nie sterwe, en hulle vuur nie uitgeblus word nie, en hulle sal afgryslik wees vir alle vlees…..*

Verstaan u nou waarom Jesus ook die ontsettende beeld van die wurm wat nie sterwe nie en die vuur wat nie uitgeblus word nie gebruik. Tot drie maal toe maak Jesus die beeld van toepassing op die ewige verderf. Ander voorstellings wat die hel laat uitstaan is Op. 20:15 waar die hel as ‘n poel van vuur is wat soos swawel brand. Herinner dit u nie weer aan ‘n Lot by Sodom en Gomorra nie? Jesus gebruik dikwels die beeld van verbranding, o.a. in Matt.13:40. Skokkend as ‘n mens dan aan verassing begin dink dat so ‘n gestorwe mens reeds

die oordeel van God aan sy eie lyf simboliseer. Dit maak dan ook deel uit van ons besware teen verassing.

***

So eindig die vraag na God se barmhartigheid in die hel, maar gelukkig is dit nie die einde van ons belydenis nie. Laat ons eerder sê genadiglik is dit nie die einde nie. God is barmhartig. Die tweede deel van ons belydenis van Sondag 5 tot Sondag 31 is alleen net God se barmhartigheid as ons oor die verlossing van die mens handel.

As die mense rondom Noag 120 jaar kan aanhou met hulle sonde, terwyl Noag hulle waarsku is dit nie barmhartigheid nie? As Jesus die stede Kapernaum, Gorasin en Betsaida bymekaarroep is dit nie barmhartigheid nie. Helaas, Jesus wat huil. *Jerusalem…..Jerusalem, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke, en julle wou nie.* As God se trane in sy eie Seun vloei, broeder en suster, wat is barmhartigheid dan?

AMEN